

Disfunksionele Gesinne

Ons almal kry tot 'n mindere of meerdere mate seer. Ons kan dalk selfs die afleiding maak dat die meeste van ons uit disfunksionele gesinne kom (tot 'n mindere of meerdere mate). Die graad van disfunktionaliteit sal daarom natuurlik wissel. Ons beleef almal die trauma en seerkry van so 'n gesin. Daarom is die Bybel ook nie skaam om disfunksionele gesinne te beskryf nie, byvoorbeeld die gesin van Dawid. Gaan lees weer die intriges van hierdie verhaal in 2 Samuel 11 – 13.

Amnon, Tamar en Absalom was tieners toe die “insident” tussen Batseba en Dawid plaasgevind het. Hulle moes toesien hoe hul pa manipulerende en verraderlike gedrag aan hulle voorgeleef het deur sy sonde met Batseba te probeer toesmeer deur in die geheim opdragte te gee wat tot Urija se dood gelei het. Wat daardie tieners geleer het, was hoe om toe te smeer, hoe om te ontduik en hoe om die seer wat uit jou aksies vloei, te ignoreer. Die tafel was gedek vir 'n ordentlike disfunksionele gesin om te ontvou.



Deel van die tragedie van Dawid se gesin was dat hy nooit werklik die bloedsbande tussen Amnon en Tamar hanteer het nie. Twee jaar het verloop sedert Tamar se verkragting en Dawid het nog steeds geen dissiplinêre stappe teen Amnon geneem nie. Absalom besluit toe om dinge in sy eie hande te neem. Hy nooi sy pa en sy gesin uit na 'n partytjie by sy huis. Nadat Amnon baie gedrink het, het Absalom hom vermoor. Absalom was trots op sy daad omdat hy gevoel het dat hy uiteindelik sy suster se verkragting gewreek het. Hy het ook beseft dat sy daad nie ongestraf sal bly nie en vlug toe en was uiteindelik vir 3 jaar in ballingskap van sy gesin.




Konsepte wat tot genesing kan lei

Ons kan ten minste die volgende 5 konsepte van genesing aflei uit die disfunksionele gesin van Dawid:

1. Elke lid van Dawid se gesin het seergekry en elke lid het dus hulp nodig.

Daar is nie so iets soos 'n sondebok nie. Dis maklik vir 'n gesin om een van die gesinslede as die sondebok uit te maak. Absalom was die ooglopende swart skaap van die gesin, maar hy was nie die enigste gesinslid wat hulp nodig gehad het nie. Dawid self het onbehoorlik opgetree. Hy het byvoorbeeld nie behoorlik teen Amnon opgetree nadat hy Tamar verkrag het nie en Tamar het die res van haar lewe in afsondering gebly, is nooit getroud nie en het nooit kinders gekry nie (2 Samuel 13).



2. As ouers doen ons die beste wat ons weet ons kan.

Dawid was woedend oor wat Amnon aan Tamar gedoen het, maar ons lees nêrens dat hy iets daaraan gedoen het nie. Nadat Absalom gevlug het, het Dawid steeds passief gebly om die


hartseer van sy gesin aan te spreek, totdat 'n vrou uit Tekoa hom gekonfronteer het. Ons weet nie hoekom Dawid niks gedoen het om sy gesin se trauma te hanteer nie, maar hy het daardeur sy gesin gefaal. Dit beteken nie hy wou sy gesin faal nie. Hy het gedoen wat hy gedink het die beste was.

3. Tyd heel nie alle wonde wanneer dit by gesinskewessies kom nie.

Kinders ly en deel in die bitterheid wat tussen volwasse gesinslede ontstaan. So word die seer van een geslag na die volgende oorgedra. Die spreekwoord dat tyd wonde heel, is selde van toepassing wanneer dit by gesinskewessies kom.

4. Genesing en groei wat binne-in ons plaasvind, moet 'n eksterne effek op ons verhoudings hê.

Die Bybel verwys na Dawid as 'n man na God se hart. Kyk ook na die psalms wat hy geskryf het. Hy was in staat om diep emosies te beleef, ten minste in sy verhouding met God. Hy kon emosioneel moeilike situasies met God uitklare. Het dit egter uitgeloop op verbeterde verhoudings met sy gesinslede? Ons het geen bewyse dat sy kinders sy sensitiewe kant geken of beleef het nie. Dit is verwarrend wanneer iemand 'n aktiewe geestelike lewe het, maar daardie geestelikheid loop nie uit op meer liefdevolle en vergewende verhoudings nie. Wanneer ons dade nie ooreenstem met ons "God talk" nie, word die tafel gedek vir verhoudings- en geestelike disfunksionaliteit.



5. Jy kan altyd oor begin en uit jou foute leer.

Dit lyk asof Dawid 'n ander soort verhouding met Salomo gehad het. Dit kom voor asof Dawid beter werk gedoen het deur sy geloof met Salomo te deel op so 'n manier dat Salomo dit kon hoor en ontvang (Spreuke 4). Dis nooit te laat om die eggenoot of ouer te wees wie jy nog altyd wou wees nie.




Wat behels dit vir 'n gesin om te genees?

1. Wees pro-aktief

Neem aksie. Sluit aan by 'n ondersteuningsgroep. Lees boeke. Stig 'n selgroepe. Gaan sien 'n terapeut of lewensafripter. Doen net iets!

2. Verwag dat dit tyd sal neem

In vandag se lewe wil almal alles al gister gehad het. Maar om gesinswonde te genees, neem tyd. Genesing kan nie gehaas word nie.



3. Absorbeer nuwe leerstof en inligting

Dit is moeilik om te weet wat “normaal” is wanneer jy uit ‘n disfunksionele gesin kom. As rusies en chaos al was wat gesien het toe jy grootgeword het, hoe sal jy weet hoe om konflik op te los? Hoe hanteer jy jou woede? Daar is deesdae ‘n magdom van hulpbronne rondom jou. Vra hulp. Moenie voorgee jy weet alles nie. Jy moet jou brein herprogrammeer met nuwe inligting



4. Doen wat ookal dit mag verg

As jy oor ‘n berg moet klim, ontwikkel die houding van dat jy ‘n manier sal kry om dit te doen. Daar is nie ‘n maklik manier nie. Dit beteken om ook op te hou met al die verskonings wat jy gewoonlik maak waarom dinge nie beter gaan nie.

5. Raak ontslae van jou skaamte

Gesinskaamte, kulturele skaamte en godsdienstige skaamte is emosioneel dodelik. Skaamte is valse skuld. Dit is die deurdringende belewenis daar daar iets fout is met my, dat ek waardeloos as mens is. Skaamte word deur mense geskep, nie deur God nie. Dit vat harde werk om ‘n skande-gebaseerde gesinsisteem te verander na een waar almal in die gesin gerespekteer word. Soms is baie nuwe inligting en leer nodig voordat ‘n persoon kan ontslae raak van die skaamte-ondervindings uit sy gesin van oorsprong, etniese kultuur of godsdienstige agtergrond voordat hy kan begin om die mense rondom hom ander te hanteer.



6. Ontwikkel ‘n toegewyde en opregte spiritualiteit

Geen outentieke en langdurige verandering is moontlik sonder God se hulp en die werk van die Heilige Gees nie. ‘n Toegewyde en opregte spiritualiteit is die fondament van herstel. Die meeste werklike verandering in ons houdings is die gevolg van God se genade. Maar ons het ‘n verantwoordelikheid om Hom te volg – veral tydens herstel. Ons kan eerlik met God wees, dit maak nie saak hoe opgeduiwel ons is nie. Dit is dikwels moeilik vir diegene wat nie gesonde en goeie ouers gehad het nie, om te glo dat God hulle regverdig sal behandel.



Wees bemoedig dat God altyd gereed is om jou te ontmoet waar jy is. Hy sal jou nooit los waar jy is nie. Hy sal met jou saamwerk om jou op ‘n beter plek te bring, net soos Hy vir Dawid liefgehad en met hom saamgewerk het.